

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

**Yeshua is die hart van die Vader!**

## Parashah 4: Vayera – En Hy Verskyn!

*יהוה het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre, terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag. Gen. 18:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah :** Gen. 18:1 tot 22:24.

**Haftorah:** 2 Kon. 4:1 tot 37.

**Nuwe Verbond:** Luk. 17:26 tot 37; Jak. 2:14 tot 24; 2 Pet. 2:4 tot 10.

**Skriftestudie:** Die Verbond en die Torah: Die Sny van 'n Bloedverbond.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 4 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*God asks no one whether he will accept life. This is not the choice. The only choice you have as you go through life is how you live it – Bernard Meltzer.*

*Today's visible church has made an art form of dodging the inconvenient Scriptural truth that God clearly says the wicked are under His wrath, preferring to market God in more appealing ways by ignoring or downplaying His judgment. So we've happily replaced the true gospel with all kinds of seeker friendly pseudo-gospels focused on prosperity, success, self-image, motivation and how to have a good sex life. All this revealing of course that today's visible church, like Eve, has been seduced to buy into Satan's distortion of God's character. You cannot compensate by sacrifice what you lose through disobedience – Edwin Cole*

*There are only two ways to live . . . one is as though nothing is a miracle. . . the other is as if everything is – Albert Einstein.*

*Faith is believing in things when common sense tells you not to – George Seaton.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing (*Lech L'cha*) was daar vir ons elkeen 'n baie belangrike les om te leer, naamlik om ook soos Abraham weg te trek uit Babilon uit! Soos aan Abraham sê Vader ook deur Sy Gees vir ons elkeen om weg te trek uit geestelike Babilon van afgodery! “Jy, Gaan jy!”

*There are moments when we are called upon to take the uncharted path, doing the "impossible" and following only the word of God.*

Abraham moes wegtrek uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) waar afgodery aan die orde van die dag was (Gen. 12:1-3). Soos Abraham het die meeste van ons ook groot geword in 'n huishouding en gemeente (“kerk”) van sinkretisme (vermenging van godsdienste).

Ons is dus ook geroep om, indien nodig, *uit ons vader se huis en uit ons familie te gaan* na die ‘Belofde Land’ van Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond openbaar gemaak is.

“As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang. 2Kor. 6:17.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4.

In die vorige Torahskriflesing het Abraham sy eerste groot toets van vertroue en gehoorsaamheid geslaag toe hy volgens יהוה se opdrag uit sy land, uit sy familie en uit sy vader se huis weggetrek het na die beloofde land. In hierdie week se Torahskriflesing gaan Abraham voor sy grootse toets van vertroue en gehoorsaamheid te staan kom wanneer יהוה vir hom sê om sy seun Isak – die seun van die belofte – te gaan offer!

### Vertroue en Gehoorsaamheid

Sentraal tot hierdie week se Tora- en Haftorahskriflesing is vertroue, gehoorsaamheid en die bereidwilligheid om te dien en nie om gedien te word nie. Ons Vader Abraham is ons voorbeeld van 'n geloofspad van onwankelbare vertroue in Vader-God se beloftes te midde van teleurstellings en beproewinge. Hy is ons voorbeeld van gehoorsaamheid aan יהוה se opdragte en 'n bereidwilligheid om welwillendheid aan ander te bewys (Gen. 18:1 tot 8). Abraham is ook ons voorbeeld van die rol van die man in 'n huwelik.

Hierdie week sien ons weereens die bevestiging van יהוה se patroon van vertroue en getrouheid tot geregtigheid (onpartydige opregtheid). Vertroue in יהוה en in Yeshua as die Messias is nie net 'n intellektuele besluit nie, maar is aksiegedrewe waar werke (dade) van gehoorsaamheid die vrug van vertroue is. Ook in die opsig is Abraham ons voorbeeld! Sy vertroue in יהוה is deur sy werke van gehoorsaamheid bevestig!

21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz'gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?

22 Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?

23 Die Skrif is vervul wat sê: “Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken<sup>9</sup> en hy is ’n vriend van God genoem.”

24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur daade en nie alleen deur die ‘geloof’ nie? Jak. 2:21-24

Die lewe van Abraham, en die verbond van God met hom, is ’n sinnebeeld van die nuwe verbond. Abraham is ons vader van vertrou (Rom. 4:16) en ons moet in sy voetspore volg as deel van die onverdiende guns van יהוה soos aan ons in Yeshua, bewys word. Ons stap in die voetspore van ons vader Abraham as sy nageslag deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een van יהוה-God!

4 maar toe die sagtheid en die liefdevolle goedheid van God, ons Lewegewer, openbaar is,

5 het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die daade van onpartydige opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en deur die vernuwing van die Gees wat Afgesonderd is;

6 die Een wat Hy oorvloediglik oor ons uitgestort het, deur Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Lewegewer

7 sodat ons deur Sy onverdiende guns onskuldig verklaar kan word en erfgename kan word deur die versekerde verwagting van die ewige lewe. Titus 3:4-7

Deur wedergeboorte word ons deel van die nuwe verbond en het יהוה Sy seël op ons gesit en die Afgesonderde Gees as deposito in ons verstand, wil en emosie gegee (1Kor. 2:22).

10 want ons is Sy skepsele, wat geskape is in Die Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie daade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef.

11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en ‘onbesnedenis’ genoem is, anders as hulle wat ‘die besnedenis’ genoem word en ’n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word

12 en dat julle in daardie tyd sonder Die Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra’el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.

13 Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op ’n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een,

14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een maak en die middelmuur van skeiding vernietig het. Efes, 2:10-14.

## Haftorah Bespreking

### 2 Kon. 4:1 tot 37 – Die olie van die weduwee en onwankelbare geloof!

Hierdie Haftorah gedeelte word saam met Parashah *Vayera* gelees weens die soortgelyke hoedanighede van ons vader Abraham en die profeet Elisa. Die uitstaande hoedanigheid van beide was hulle gehoorsaamheid aan Torah, hulle vertrou in יהוה en hul bereidwilligheid om hul medemens te dien. Verder is beide die Parashah en die Haftorah die geskiedenis van die bonatuurlike geboorte van ’n seun en van hulle doodservaring. In beide hierdie Skriflesings leer ons van vertrou in die wonderwerkende krag van יהוה.

### 2 Kon. 4:1 tot 7 – Die olie van die weduwee

Volgens Torah is die betaling van skuld deur arbeid van die skuldenaar aanvaarbaar (Ex. 21:1 en 2; Lev. 25:39 tot 41; Deut. 15:1 tot 11). Omrede kinders as die ‘eiendom’ van hulle ouers gereken was, kon die kinders ‘verkoop’ of opge-eis word om sodoende die skuld van hulle

ouers te delg. Hierdie gebruik is egter dikwels misbruik soos blyk uit Neh. 5:5 en 8, asook Amos 2:6 en Amos 8:6.

Volgens oorlewering verwys *die vrou uit die vroue van die profete-seuns* (2 Kon. 4:1) na die weduwee van die profeet Obadja wat 'n 100 profete van יהוה weggesteek en versorg het toe Esebel die profete uitgeroei het (1 Kon. 18:1 tot 16). Haar skuld was skynbaar te wyte aan Obadja wat alles wat hy gehad het, spandeer het om die lewe van dié 100 profete te red.

Ongeag of hierdie feitlik korrek is of nie, weet ons dat 'n skuld nie die wil van Vader-God is nie, want skuld maak van elkeen 'n slaaf. Jy is 'n slaaf van die een aan wie jy skuld!

*Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen. Spr. 22:7, AOV.*

Torah vereis dat alle skuld betaal moet word!

Die mens se grootste skuld is die van sonde, en Torah is die skuldeiser. Torah bepaal dat die loon van die sondaar (die oortreder van Torah) die dood is (Rom. 6:23). As oortreder van Torah kla Torah die mens aan, vind hom skuldig en vonnis hom. Torah vereis dat alle sondeskuld betaal moet word.

In die opsig het Torah 'n vloek geword – 'n skuld waar onder elkeen gebukkend gaan en wat nie ooit deur die mens self vereffen sal kan word nie. Die enigste wyse om vry te kom van hierdie sondeskuld is dat iemand namens die skuldenaar die skuld moet vereffen.

Daarom het Yeshua gekom om elkeen se sondeskuld te betaal. Dit is die skuldbrief wat aan die folterpaal vasgenaai was (Kol. 2:16), en nie die Torah as sulks nie!! Daarom is elkeen wat vertrou het in die onverdiende guns van יהוה deur Yeshua Messias, vrygespreek van die skuld van sonde. Vertrou in die versoeningswerk van Yeshua is die waarborg tot 'n lewe as vrygespreekte (regverdige) onder die wet – die skuldeiser is bevredig, want die skuld is betaal!

As beskuldigde onder die wet lewe die mens volgens die vlees, maar as vrygespreekte leef die mens deur die Gees. Daarom skryf Paulus:

- 1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
- 2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,
- 3 want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel
- 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1-4.

Die gelowige in Yeshua is nie meer 'n slaaf van die wet van sonde en dood nie, maar 'n verbondskneg van יהוה Yeshua wat deur die wet van die Gees van lewe, naamlik die olie van die Afgesonderde Gees, 'n vreugde in Torah-gehoorsaamheid vind, asook die krag ontvang het om volgens יהוה se onderrig en instruksies te lewe.

Elisa het op 'n bonatuurlike wyse die skuld van die weduwee verander in 'n lewe van oorfloed. Daarom is Elisa 'n sinnebeeld van Yeshua wat ook op 'n bonatuurlike wyse die

sondeskuldlas van die mens weggeneem het en dit verander het in 'n lewe van oorvloed. Yeshua het gesê dat Hy gekom het om die sondaar se skuldlas weg te neem sodat die wat vertrou 'n lewe in oorvloed deelagtig kan wees (Joh.10:10b).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die verhaal van Elisa, die weduwee en haar skuldeiser kan ook in verband gebring word met die lering van Yeshua aangaande vergifnis soos opgeteken is in Matt. 18:21 tot 35.
  - 1.1. Bepeins / bespreek hierdie gelykenis in die lig van *vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe* (Matt. 6:12).
  - 1.2. Kan Vader-God ons vergewe indien ons nie self bereid is om te vergewe nie? Verwys Matt. 18:32 tot 35. Onthou: Onvergifnis is soos om gif te drink en te hoop dat die een wat jou verontreg het sal sterf.
2. Elisa het die gawe van wonderwerke gehad, maar hierdie gawe was nie vir vertoon nie, maar om behoeftiges mee te dien! Vergelyk dit met die wonderwerke wat Yeshua gedoen het en dit wat vandag in die kerk as die gawe van wonderwerke voorgehou word.

### **2 Kon. 4:8 tot 37 – Onwankelbare geloof**

'n Welgestelde Sunamitiese vrou toon haar gasvryheid teenoor Elisa tot die mate dat sy selfs 'n kamer spesiaal vir hom inrig om te benut wanneer hy verby hulle reis. Uit waardering vir haar gasvryheid, en aangesien sy kinderloos was, profeteer Elisa dat sy oor 'n jaar 'n seun van haar eie sal omhels (2 Kon. 4:16).

Soos in die geval van Abraham en Sarah was beide die Sunamitiese vrou en haar man verby die ouderdom van kinders verwek en geboorte gee. Die woorde van Elisa het egter waar geword en die vrou het presies 'n jaar later 'n seun in haar arms omhels. Die kind is egter skielik op 'n jong ouderdom oorlede (2 Kon. 4:19 en 20).

Wat aangrypend is, is die wyse hoe die vrou hierdie hartseer en traumatiese situasie hanteer het. In 2 Kon. 4:21 lees ons:

Sy het opgegaan en hom op die bed van die man van God neergelê en agter hom toegesluit en uitgegaan.

Geen melding word gemaak van 'n emosionele uitbarsting nie, maar wel van 'n vrou wat met 'n onwankelbare vertroue opgetree het. Sy het haar na Elisa op die berg Karmel gehaas waar sy hom van haar seun se sterwe ingelig het. Sy het na Elisa gegaan met die verwagting van 'n verdere wonderwerk en het nie toegelaat dat die fisiese realm haar vertroue in die wonderwerkende krag van neutraliseer nie. Haar onwankelbare vertroue was dat aangesien יהוה, ten spyte van Sy eie natuurwette, vir haar op 'n bonatuurlike wyse 'n kind gegee het, sal Hy ook haar kind uit die dood opwek.

Hierdie verhaal van die Sunamitiese vrou is 'n les in vertroue in die wonderwerkende krag van יהוה.

Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie, Heb. 11:1.

Vertroue is dus die oortuiging van dit wat ons nog nie kan sien of nog nie ondvind nie – ons kan dit nog nie met ons sintuie waarneem nie! Dit is ‘n versekerde verwagting asof daardie dinge reeds ‘n realiteit is! Dit is die getuienis van die mense van ouds wat יהוה met liefde en in gehoorsaamheid gedien het (Heb. 11:2).

Ons leer ook dat die Sunamitiese vrou aanvanklik nie na Elisa gegaan het met die behoefte dat die profeet vir haar moet bid dat יהוה vir haar ‘n kind moet gee nie. Nee, haar prioriteit was om welwillendheid aan die profeet van God te bewys. Sy was bereid om te dien en het nie verwag om gedien te word nie! Haar eie behoeftes en begeertes was nie haar prioriteit nie!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is die Koninkryksbeginsel om יהוה se wonderwerkende krag in ons lewens te ervaar nie gesetel in ons bereidwilligheid om eerstens te dien en nie om gedien te word nie? Is dit ‘n geval van wanneer ons bereid is om te dien dat Vader-God ook soos Elisa sal kom en vir ons vra: *Wat kan Ek vir jou doen?*

<sup>1</sup> Laat die liefde vir broers voortgaan tussen julle.

<sup>2</sup> Vergeet nie die goedheid teenoor vreemdelinge nie, want daardeur was sommige waardig om onwetend, boodskappers te onthaal. Heb. 13:1-2.

2. Die seun van die Sunamitiese vrou is ‘n sinnebeeld van Yeshua wat aan die folterpaal gesterf het en wat uit die dood opgestaan het. Dit is ook ‘n sinnebeeld van ons wat geestelik dood was en opgewek is tot ‘n lewe in Yeshua van Torah-gehoorsaamheid.
3. Ons moet ook soos die Sunamitiese vrou wees wat met ‘n verwagting na Vader-God gaan om ons kinders uit hulle geestelike dood op te wek.
4. Vertroue vereis aksie (handeling). Die Sunamitiese vrou het met vertroue opgetree!! Sy het vertroue in God se liefdevolle omgee gehad. As deelgenote van die nuwe verbond het ons ‘n Ewige Hoofpriester wat vereenselwig met ons swakhede en behoeftes. Daarom sal ons onverdiende guns vind om ons te help in ‘n tyd van lyding. Verwys Heb. 4:13-16.

## **Skriftestudie**

### **Die Verbond en die Torah**

#### **Lering 3: Die Sny van ‘n Bloedverbond.**

In ons moderne samelewing word bloedverbonde nie meer gesluit nie, maar soos voorheen bespreek is, is dit deur ‘n geskrewe kontrak, of ‘n verdrag of ‘n ooreenkoms vervang. Soos ook in Hoofstuk 2 bespreek is, is ‘n bloedverbond ‘n bindende en ewigdurende ooreenkoms tussen twee mense of twee groepe mense. Daarom word ‘n bloedverbond na die volgende geslagte oorgedra.

Ons vertroue in יהוה en Sy onverdiende guns in Yeshua, Die Gesalfde Een, is gegrond op die nuwe verbond – ‘n bloedverbond! Een van die vernaamste verskille tussen die ou verbond en die nuwe verbond, is dat die ou verbond is verseël met die bloed van diere, terwyl die nuwe verbond verseël is met die bloed van Yeshua! Die krag van die nuwe verbond is dus geleë in,

en verseël met, die kosbare bloed van die Lam van God! Die skrywer van die brief aan die Hebrërs verduidelik dit soos volg in Heb. 9:15 tot 22:

15 As gevolg hiervan is Hy Tussenganger van 'n nuwe verbond, want in Sy dood was Hy Verlossing vir die wat teen die eerste verbond oortree het sodat ons die belofte mag ontvang, die wat geroep is tot 'n ewige erfenis,

16 want waar daar 'n testament is, wys dit die dood van hom wat dit opgestel het,

17 want dit is slegs geldig vir 'n dooie, want solank die opsteller leef het dit geen gebruik nie.

18 As gevolg hiervan is selfs die eerste nie sonder bloed ingestel nie,

19 want toe al die opdragte van die wet deur Moshe aan al die mense beveel is, het hy die bloed van 'n kalf saam met water, skarlakenrooi wol, hisop en die boekrol gevat en al die mense besprinkel

20 en vir hulle gesê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat God julle beveel het.”

21 Hy het ook op die Tabernakel en al die gereedskap van die tempeldiens, van die bloed gesprinkel

22 omdat alles met bloed gereinig word volgens die geskrewe wet en sonder die stort van bloed is daar geen vergifnis nie.

*If we would enter truly and fully into all the New Covenant is meant to be to us, let us beseech God to reveal to us the worth and the power of the blood of the Covenant, the precious blood of Christ! – Andrew Murry, “The Blood of the Covenant”.*

'n Bloedverbond spreek van getrouheid en regsgeldige aanspreeklikheid. Beide partye is moreel en wetlik aanspreeklik om die beloftes en voorwaardes van die verbond na te kom. Indien een party die verbond op enige wyse sou breek, was dit bewys van onbetroubaarheid en oneerlikheid wat die verbond ongeldig kon maak en waarvolgens die skuldige party strafbaar met die dood was.

Opsommend kan dus gesê word dat 'n bloedverbond 'n morele en regsgeldige ooreenkoms is wat verseël word deur 'n bepaalde seremonie waarby bloed betrokke is. Alle volke, van die begin van die tydperk van die Skrifte van die ou verbond, het geweet wat 'n bloedverbond is en die betekenis daarvan verstaan.

Gedurende hulle ontdekkingsreise in Afrika het Henry Stanley en Dr David Livingstone by verskeie geleenthede bloedverbonde met die inboorlinge gesluit. Dit was dikwels hulle enigste redding van uitwissing gewees, aangesien hulle op die wyse seker was van hulle veiligheid en van beskerming.

Soos ons in Lering 2 geleer het, is die verbond wat God met Noag gesluit het die eerste keer waar daar van 'n verbond in die Skrifte gepraat word (Gen 6 :18 en Gen 9:9-11). Maar ons het ook gesien dat daar goeie rede is om te glo dat God reeds in die tuin van Eden met die mens 'n verbond gesluit het!

Die eerste meer omvattende beskrywing van die verbondseremonie is opgeteken in Genesis 15 waar die sluit van die verbond tussen יהוה en Abram beskryf word. In die Skrifte vind ons egter nie 'n volledige uiteensetting van die verbondseremonie nie, maar slegs 'n verwysing na sekere elemente daarvan.

Om dus beter insae te kry oor wat 'n verbondseremonie behels, is dit noodsaaklik om geskiedkundige geskifte te raadpleeg. Deur die eeue het die seremonie met die sluit van 'n bloedverbond weinig verander.

Begrip van die verbondseremonie, en die simboliese betekenis van die verskillende elemente daarvan, gee 'n beter insig in die betekenis van beide die ou en die nuwe verbond.

## **Die Verbondseremonie**

Wanneer 'n bloedverbond tussen twee groepe of twee volke gesluit word, word 'n verteenwoordiger, ook genoem 'n middelaar of verbondshoof, van elke groep aangewys wat dan namens elke groep die verbond sal sluit.

Die sny van 'n bloedverbond bevat een of meer van die volgende stappe, maar nie noodwendig in hierdie volgorde nie.

### **Die ruil van mantels of bokleed.**

'n Mantel, of bokleed, was beskou as die mees kosbare kledingstuk van enige persoon. Dit was meerdoelig, maar die belangrikste was dat dit die persoon se status en outoriteit in die samelewing aangedui het.

Die mantel was dus eie aan elke persoon of verteenwoordigend van die groep. Deur hierdie ruil van mantels sê elkeen: "My status en my outoriteit, asook alles wat ek besit, is ook joune". Dit was simbolies van die feit dat beide nou op gelyke voet is en deel van die ander persoon of groep geword het. Dit is simbolies van eenwording!

### **Die ruil van gordels.**

'n Persoon se wapens (swaard, dolk en pylkoker) was aan sy gordel gedra. Deur dit af te haal en te oorhandig word die onderneming gegee dat elk sy krag en vegsvermoë sal gebruik om die ander te beskerm in geval van oorlog of vyandskap. Dit simboliseer dat: "Jou vriende is my vriende en jou vyande is my vyande. Ons sal mekaar help (dien) in die tyd van nood".

### **Die sny van die verbond.**

'n Dier (of diere) is geneem en dan oor die lengte middeldeur gesny en die twee helftes teenoor mekaar geplaas. Die twee persone wat die verbond sluit, of namens die twee groepe die verbond sluit, het dan rug-teen-rug tussen die twee helftes in die bloed van die dier gestaan en dan in 'n sirkel geloop om aangesig-tot-aangesig te eindig. Elke sirkel getuig van 'n begin, maar geen einde nie en simboliseer dat die verbond ewigdurend is. Die syfer 8 is ook op die wyse gevorm en simboliseer die sterf aan die eie ek en die begin van 'n nuwe lewe (wandel) saam as verbondsvriende.

Die beloftes en die voorwaardes vir die seëninge, asook die oordele (vloeke) indien die verbond verbreek sou word, en soos dit vooraf ooreengekom was, word voorgelees en deur beide partye aanvaar as ewig bindend.

Die sny van die verbond simboliseer ook dat sou een party die verbond verbreek, die ander die reg het om dieselfde met hom te doen as met die verbondsdier, naamlik om hom dood te maak. In die verband lees ons in Jer. 34:18-20 die volgende:

**18**Ek sal die manne wat My verbond oortree het, wat nie die woorde van die verbond nagekom het wat hulle voor My Teenwoordigheid gesluit het nie, toe hulle die kalf in twee stukke gesny en tussen die stukke deurgeloopt het;



<sup>19</sup>die amptenare van Y'udah, die amptenare van Yerushalayim, die hofamptenare, die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het;

<sup>20</sup>Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hulle lyke sal kos wees vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde.

Volgens die Skrifte is 'n dier slegs oor die lengte middeldeur gesny as deel van 'n verbondseremonie. 'n Dier is egter nooit oor die lengte middeldeur gesny wanneer aan יהוה geoffer is nie.

### **Meng van bloed.**

Die verbond is ook gesny deur 'n sny aan die handpalm of voorarm van beide persone te maak. Die bloed van beide is dan in 'n beker wyn gedrup en gemeng. Elkeen het dan vanuit dieselfde beker van hierdie wyn en bloedmengsel gedrink en dit was beskou as die verbondsmaal.

Aangesien die lewe in die bloed is (Lev. 17:11), het יהוה beveel dat geen mens bloed mag drink nie. Derhalwe is hierdie gedeelte van die seremonie by Israel vervang met die drink van wyn en die eet van brood. Dit vorm deel van die verbondsmaaltyd. Die wyn verteenwoordig die bloed en die brood die liggaam van beide partye. Deur daarvan te eet en te drink word elk ook deel van die ander. Dit simboliseer ook dat die een persoon nou in die ander is, naamlik ek in jou en jy in my.

Die bloed van beide wat die verbond sny is ook gemeng deur die handpalms of voorarms waar die snit gemaak is teen mekaar te druk sodat vermenging van bloed plaasvind. Waarskynlik is dit die oorsprong van die groet by wyse van 'n handdruk.

Deur bloed te meng word die ontvangs van die lewe van die ander simbolies uitgebeeld.

Hierdie gedeelte van die seremonie simboliseer die aflegging van my ou natuur en die aanneem van die natuur van my bloedbroer. Dit simbliseer eenwording. Op die wyse is verbondsvriende (bloedbroers) gevorm.

### **Maak van 'n litteteken.**

Die snit aan beide se handpalm of voorarm was op so 'n wyse behandel, byvoorbeeld deur houtskool in die wond te vryf, sodat dit na genesing 'n litteteken gevorm het. Dit was dan die teken van die verbond, naamlik die bewys dat 'n verbond gesny en deur bloed verseël was. Almal wat hierdie teken (merk) gesien het, het geweet jy was deel van 'n bloedverbond.

### **Ruil van name.**

Beide partye het die naam, of gedeelte van die naam, van die ander aangeneem of ingevoeg in sy eie naam. 'n Voorbeeld hiervan lees ons in Genesis 17:5 waar God Abram se naam na Abraham verander het. Die Hebreeuse naam vir God is Yahuah (יהוה – yod, hey, vav, hey), en dus kan die *hey* (ה) gedeelte van God se naam nou in Abraham se naam herken word (Abram, אַבְרָם – AbraHam, אַבְרָהָם). Tot vandag toe staan God ook bekend as die God van Abraham. So ook is Sarai se naam verander na Sarah.

Dit is dan ook die oorsprong van die gebruik dat 'n vrou die naam (die van) van haar eggenoot na die huwelik aanneem, want die huwelik is ook 'n bloedverbond!

## Plant 'n gedenkboom.

'n Boom wat besprinkel is met die bloed van die dier wat middeldeer gesny is, is geplant as bewys en herinnering aan die verbond. Hiermee saam was die littenekens verdere bewys en herinnering van die verbond wat gesluit was. Soms is 'n stapel klippe ook gepak as gedenkmonument van die verbond.

## Vriende

Volgens oorlewing is die woord *vriend* slegs gebruik tussen mense wat 'n bloedverbond met mekaar gesluit het. Hierdie vriendskap is 'n verhouding van liefdevolle omgee (*loving-kindness*). Die Hebreuse woord *chesed* en die Griekse woord *agape* beskryf dit die beste, naamlik die God-tipe liefde. 'n Vriend is dus jou "verbondsvennoot"; iemand wat jou nooit in die steek sal laat nie en op wie se steun en beskerming jy altyd sal kan staatmaak. Jy behandel jou verbondsvriend altyd op dieselfde wyse as wat jyself behandel wil word.

## Voorbeelde Van Die Verbondseremonie In Die Skrifte

Dit kan aanvaar word dat waar daar in die Skrifte melding van die sluit van 'n bloedverbond gemaak word, dat dit gepaard gegaan het met 'n verbondseremonie. Hierdie seremonie word nie altyd beskryf nie, of word slegs gedeeltelik beskryf.

Verder moet dit onthou word dat die mense in die tyd van die Skrifte die verbondseremonie geken het, en die ware betekenis van 'n verbond verstaan het, want dit was deel van hulle lewe. Daarom was dit nie nodig om dit volledig te beskryf nie. Dit was 'n bekende wyse hoe mense en volke ewigdurende bloedverbonde met mekaar gesluit het.

Op sekere plekke in die Skrifte vind ons egter verwysing na die verbondseremonie en word sekere gedeeltes daarvan wel beskryf.

Soos voorheen genoem is 'n duidelike voorbeeld waar gedeeltes van die verbondseremonie beskryf word, opgeteken in Genesis 15 waar God met Abram 'n verbond gesluit het.

Ná hierdie dinge het die boodskap van יהוה tot Avram gekom in 'n visioen en gesê: "Moenie bang wees nie, Avram, Ek is vir jou 'n Skild en jou beloning sal uitermate groot wees." Gen. 15:1.

Met die woorde "Ek is vir jou 'n Skild en jou beloning sal uitermate groot wees", het God Sy beskerming (gordel) aan Abraham belowe. Hierdie gedeelte verwys ook terug na waar God vir Abram gesê het: "en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word." (Genesis 12:3).

Omrede Abraham geglo het, het יהוה hom dit tot geregtigheid gereken en het hy God se "kleed" van geregtigheid ontvang (Gen. 15:6).

Dan volg 'n nog duideliker beskrywing van die sny van 'n verbond met die volgende opdrag aan Abraham:

<sup>9</sup> Hy antwoord hom: "Vat vir My 'n driejaaroud vers, 'n driejaaroud bokooi, 'n driejaaroud ram, 'n tortelduif en 'n jong duif."

<sup>10</sup> Hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeer gesny en die helftes teenoor mekaar gelê, maar die voëls het hy nie in twee gesny nie. Gen. 15:9 en 10.

Aansluitend by bogenoemde beskryf vers 17 die gedeelte waar daar in die bloed tussen die heftes van die verbondsdier geloop word:

Dit het so gebeur dat ná sonder, toe dit heeltemal donker was, let op, 'n rokende oond en brandende fakkel tussen die stukke vleis deur gegaan het.

Maar let daarop dat dit nie Abraham was wat tussen die vleis en bloed gewandel het nie, maar wel Die Een wat in die plek van Abraham en sy nageslag die verbond met יהוה gesluit het! Hierdie was 'n sinnebeeld van Yeshua en dus 'n skadubeeld van die nuwe verbond!

Die teken (merk, bewys) van die verbond wat God met Abraham gesluit het was die besnydenis:

Dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word. Gen. 17:11

'n Verdere voorbeeld in die Skrifte waar 'n gedeelte van die verbondseremonie beskryf word, is die verbond tussen Dawid en Jonatan in 1Sameul 18:3-4:

<sup>3</sup> Toe sluit Y'honatan 'n verbond met Dawid omdat hy hom liefgehad het soos homself.  
<sup>4</sup> Y'honatan het sy mantel, wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, met sy pantser, insluitend sy swaard, sy boog en sy gordel.

### Die Nuwe Verbond

In die lig van die verbondseremonie is dit baie interessant om te ondersoek en te vergelyk of die sluit van die nuwe verbond ook hierdie elemente (stappe) van die verbondseremonie bevat het. Die vraag is derhalwe of dit wat vooraf, tydens en na die folterdood van Yeshua gebeur het, verband hou met die verbondseremonie. Om hierdie gedeelte ten volle te verstaan moet daar telkens na bostaande verduideliking van die verbondseremonie verwys word.

**Ruil mantels** (Simbolies van wie en wat ek is, gee ek aan jou. Verkeer op gelyke voet; alles wat ek is, gee ek aan jou en alles wat jy is, ontvang ek).

Aan die kruis het Yeshua Messias die mens se sonde op hom geneem – ons “sondekleed aangetrek”. Hy het sonde vir ons geword en in ons plek vir die sonde gesterf. Elkeen wat vertrou in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias ontvang יהוה se kleed van onpartydige opregtheid.

want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in ons plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word (2 Kor. 5:21).

**Ruil gordels** (simboliseer beskerming).

Soos יהוה aan Abraham belowe het om sy skild te wees, so onderneem God om my veilige vesting en beskerming te wees.

<sup>31</sup> Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God v<sup>ir</sup> ons is, wie is teen ons?

<sup>32</sup> As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal, oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie? Rom. 8:31 en 32.

יהוה is my veilige vesting en my toevlug. Ek kan by die Allerhoogste gaan skuil (2Sam. 22:31). Ek deel in die belofte wat God aan Abraham gemaak het, naamlik: “Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek”.

**Sny die verbond** (Simboliseer die sterf aan myself en die begin van 'n nuwe lewe saam met my verbondsvriend):

Yeshua Messias het sy lewe vir ons afgelê. Hy het alles prysgegee terwille van ons (Fil. 2:5-8):

- <sup>5</sup>Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is,  
<sup>6</sup>Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie,  
<sup>7</sup>maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het in die vorm van 'n mens en gevind is in die gedaante van 'n man:  
<sup>8</sup>Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word.

Yeshua het mens geword. Hy was in alle opsigte aan die mens gelyk, maar het nie gesondig nie. Hy het medelye met al ons swakhede (Heb. 4:15).

Yeshua Messias was ook die verbondsoffer – die Lam van God wat die sonde van die wêreld verwyder het (Joh. 1:29) en deur wie se bloed die verbond verseël is (Heb. 9:12). Paulus verduidelik dit soos volg in 2Kor. 1:20-22.

- <sup>20</sup>want al die beloftes van God is ja in Hom, Die Gesalfde Een. As gevolg hiervan, deur Hom, gee ons die “dit is waar,” tot eer, lof en aanbidding van God,  
<sup>21</sup>maar ons bevestig God by julle, in eenheid met Die Gesalfde Een, wat ons gesalf het,  
<sup>22</sup>wat ook Sy seël op ons gesit het en die Gees as deposito in ons verstand, wil en emosie gegee het.

Deur wedergeboorte sterf die ou mens en word ek wederbaar om as 'n nuwe mens in Yeshua, Die Gesalfde Een, 'n nuwe lewe van vertroue en gehoorsaamheid aan יהוה te begin. Ek het die ou lewe afgelê en begin 'n nuwe lewe in Yeshua.

Alles wat daarom in eenheid met Die Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan. 2Kor. 5:17.

**Meng bloed** (Simboliseer die aflegging van my ou natuur en die aanneem van die natuur van my bloedbroer).

Ek ondergaan nou 'n proses van die vernuwing van my denke sodat ek kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2.

Ek dra nie meer die “bloedsiekte” van sonde nie, want deur vertroue in Yeshua as Die Lam van God is my ou natuur van sonde saam met Yeshua gekruisig (Rom. 6:6-7).

- <sup>6</sup> Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,  
<sup>7</sup> want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.

Ek is dus dood vir die sonde en het saam met Hom opgestaan as 'n nuwe mens (Rom. 6:8-11).

- <sup>8</sup> As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe

<sup>9</sup> omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.

<sup>10</sup> Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.

<sup>11</sup> Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.

### **Beloftes en voorwaardes.**

Die beloftes en voorwaardes vir die seëninge van die nuwe verbond kan ondermeer saamgevat word met die woorde van Paulus in Rom. 8:31-39:

<sup>31</sup> Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie is teen ons?

<sup>32</sup> As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal, oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie?

<sup>33</sup> Wie sal beskuldigings inbring teen dié wat God gekies het? God verklaar onskuldig.

<sup>34</sup> Wie is dit wat veroordeel? Die Gesalfde Een is Hy wat gesterf het, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterkant van God is, wat ook vir ons onthalwe intree.

<sup>35</sup> Wat sal my skei van die liefde van Die Gesalfde Een: lyding, gevangenskap, vervolging, hongersnood, naaktheid, gevaar of die swaard?

<sup>36</sup> Soos geskrywe is: “Om U ontwil word ons die hele dag lank doodgemaak, ons is gereken as skape vir die slagting.”

<sup>37</sup> In al hierdie dinge oorwin ons egter, deur Hom wat ons lief het

<sup>38</sup> want ek is oortuig daarvan dat geen dood of lewe of engel of outoriteit of leëmag of dinge wat nou bestaan of dinge wat sal kom

<sup>39</sup> of hoogte of diepte of enige ander skepsel in staat is om my af te sny van die liefde van God, wat daar in ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, is nie.

Kortliks opgesom word die seëninge van die nuwe verbond in Filippense 4:19 vir ons gegee:

My God sal al julle behoeftes vervul deur Sy rykdom in die goedheid en rykdom van Yeshua, Die Gesalfde Een.

Die voorwaarde van die nuwe verbond is dat ek יהוה-God met my hele wese moet liefhê en my naaste soos my self. Dan sal ek die seëninge van die nuwe verbond ontvang!

<sup>29</sup> Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: ‘Luister, hoor en doen Yisra’el, יהוה is ons God, יהוה is Een’

<sup>30</sup> en: ‘jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.’ Dit is die eerste opdrag

<sup>31</sup> en die tweede, wat net soos hy is, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie’.” Mark.12:29-31.

Indien ek יהוה-God met my hele hart liefhet, sal ek in alles aan Hom gehoorsaam wil wees. Liefde en gehoorsaamheid gaan hand aan hand. Soos Yeshua gesê het:

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Joh. 14:21

Liefde en gehoorsaamheid verseker ook dat ek my naaste sal liefhê soos myself.

**Maak van 'n Litterteken** (Simboliseer die teken van die verbond; die sigbare bewys dat die verbond gesny is):

Yeshua dra die littertekens van die verbond aan sy hande, voete en in Sy sy. Wat is dan die teken van die nuwe verbond wat die kind van God dra ? Die Afgeonderde Gees is die teken! Dit is God se stempel van eienaarskap en my bevestiging as deel van יהוה se Koninklike priesterdom volgens die orde van Malki-Tzedek (Melgisédek) met Yeshua as Koning en Hoofpriester (Heb. 7:12-17; 1Pet. 2:9).

Paulus verduidelik dit ook soos volg:

13 sodat julle ook, die boodskap van die waarheid, die goeie boodskap van julle redding deur Hom, gehoor het, in Wie julle vertrou het en julle geseël is in die Gees wat Afgesonderd is wat belowe is,

14 wat die waarborg is van ons erfenis, tot die losprys van hulle wat gered is en vir die eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid. Efes. 1:13-14.

21 maar ons bevestig God by julle, in eenheid met Die Gesalfde Een, wat ons gesalf het, 22 wat ook Sy seël op ons gesit het en die Gees as deposito in ons verstand, wil en emosie gegee het. 2Kor. 1:21-22.

Die woord “geseël (“verseël”) in die oorspronklike Grieks beteken om gestempel te word met 'n persoonlike merk wat die bevestiging, getuigenis en bewys is vir sekuriteits- en bewaringsdoeleindes van eienaarskap. Hierdeur ken יהוה die wat syne is (Ef.2:19). Die Afgesonderde Gees is die waarborg (onderpand) dat ek deel van die nuwe verbond is. Soos die besnydenis die teken en waarborg was van יהוה se beloftes aan Abraham, so is die Afgesonderde Gees die waarborg van dit wat God aan sy kinders belowe het en sal gee.

Wat is die bewys van hierdie teken? Dit is die vulling met die Afgesonderde Gees en met die gepaard gaande gawes van die Gees (1Kor. 12:7-11).

### **Ruil name.**

Na wedergeboorte staan ek bekend as 'n kind van יהוה-God en word ek mede-erfgename saam met Yeshua. Ek het die reg om God my Vader te noem. In die Evangelie volgens Johannes stel hy dit duidelik:

12 maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Karakter en Outoriteit vertrou;

13 dié wat nie vanuit die bloed, of vanuit die begeerte van die vlees, of vanuit die begeerte van 'n man nie, maar vanuit God, gebore is. Joh. 1:12-13.

Paulus verduidelik dat ons kinders en erfgename saam met Yeshua is:

15 Julle het nie 'n gees van slawerny ontvang om weer te vrees nie, maar julle het die Gees van aanstelling as kinders ontvang, deur Wie ons uitroep: “Vader, ons Vader!”

16 Daardie Gees getuig tot ons gees dat ons kinders van God is

17 en as ons kinders is, dan ook erfgename. Erfgename van God en mede-erfgename van Yeshua, Die Gesalfde Een, want as ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God smaak. Rom. 8:15-17.

As kind van יהוה-God, en as priester in diens van ons Hoofpriester Yeshua volgens die orde van Malki-Tzedek, moet ek voortdurend God se Koninkryk en Sy onpartydige opregtheid soek (Matt. 6:33).

## Die Verbondsmaaltyd

Soos reeds genoem is die verbondsmaaltyd deel van die sny van die verbond. Maar aangesien die lewe in die bloed is (Lev. 17:1), het יהוה beveel dat geen mens bloed mag drink nie. Daarom is hierdie gedeelte van die seremonie vervang met die eet van brood en die drink van wyn. Die brood verteenwoordig die liggaam en die wyn die bloed. Deur daarvan te eet en te drink simboliseer dat elk deel van die ander word – ek in jou en jy in my.

Daarom lees ons wat tydens die laaste Pesagmaal voor Yeshua se folterdood gebeur het. Dit was nie net die herdenking van die uittog uit Egipte nie, maar dit was ook die verbondsmaaltyd van die nuwe verbond.

26 Terwyl hulle eet, vat Yeshua die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en sê: “Neem, eet, dit is My liggaam.”

27 Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: “Drink almal daaruit,

28 want dit is My bloed, van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes.

Hierdie handeling was simbolies van eenwording, naamlik van Yeshua in hulle en hulle in Yeshua! Dit kan nou verstaan word in die lig van Yeshua se woorde in Joh. 6:53-56:

53 Yeshua sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

54 Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag, 55 want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank.

56 Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.

Tydens Pesag en telkens wanneer ons op Shabbat, asook by ons byeenkomste brood breek en wyn drink, doen ons dit as herinnering aan die nuwe verbond – die bloedverbond verseël met die kosbare bloed van Yeshua wie se liggaam vir ons gebreek is!

**Gedenkboom** (Simbolies van die verbond en saam met die litteneken ‘n herinnering aan die verbond wat gesny is).

Die folterpaal op Golgota is ‘n afbeelding van die boom waarop die bloed van Yeshua Messias gesprinkel was (Matt. 27:32-56). Die meeste Engelse vertalings van Gal. 3:13, verwysend na die kruisiging van Yeshua, lees soos volg: “Cursed is everyone who is hung on a tree”.

Die folterpaal op Golgota is ons herinnering aan die nuwe verbond. Dit is die plek waar die verbond gesny is toe die Lam van God vir die mens geslag is. Daarom het Yeshua in Sy sterwensoomblik gesê: “Dit is afgehandel!”

28 Hierna, omdat Hy geweet het dat alles reeds tot sy doel gebring is sodat die Skrif vervul sou word, het Yeshua gesê: “Ek is dors!”

29 Daar het ’n houer vol suurwyn gestaan en hulle het ’n spons vol suurwyn gemaak en hisop omgebind en na Sy mond toe gebring.

30 Toe Yeshua die suurwyn ontvang het, sê Hy: “Dit is afgehandel!” Hy het Sy kop afgebuig en Sy Gees oorgegee. Joh. 19:28-30.

## Opsommend

Volgens bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die nuwe verbond gesluit is (gesny is) volgens die antieke seremonie vir die sny van 'n bloedverbond soos dit deur יהוה-God in die begin ingestel was.

Die ewige verbond van God se onverdiende guns is deur die bloed van Yeshua verseël! Maar baie belangrik! Yeshua het die mensdom verteenwoordig met die sny van die nuwe verbond! Dit is onverdiende guns! Meer hieroor in Lering 4!

In Yeshua is die profetiese woorde van Jeremia vervul:

38 Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees  
 39 en Ek sal vir hulle een verstand, wil en emosie en een lewenswyse gee sodat hulle My altyd respekvol mag vrees, vir hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.  
 40 Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie van hulle af sal wegdraai om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie. Jer. 32:38-40.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*